

Wetenskap moet werk vir vroue



Ekonomiese vooruitgang en die skep van meer werkgeleenthede gaan hand aan hand. Om genoeg werkgeleenthede en 'n inkomste aan die baie onopgeleide mense in ons land te verskaf, is een van die belangrikste aksies as ons die armoede van Namibia se burgers wil verbeter.

Een manier om meer werkgeleenthede te skep is deur arbeids-intensiewe projekte op die been te bring. Tegnologiese ontwikkeling en die belangrikheid dat tegnologie wat in Namibia aangewend word, toepaslik moet wees vir die situasies in die land is onlangs tydens 'n seminar aangespreek.

Sprekers vanuit Transkei, Swaziland en die Kaap het oor hul ervaringe met werks-intensiewe metodes gepraat en probleme sowel as oplossings uitgelig.

Maar wat is tegnologie nou eintlik? Tegnologie is die toepassing van wetenskap op 'n praktiese wyse.

Dit dui op die metodes (masjinerie, materiaal) wat ons gebruik om huise en paaie mee te bou, die metodes wat ons gebruik om kos gaar te maak of om mahango te oes.

Op die platteland is hout die "materiaal" wat ons gebruik om kos gaar te maak terwyl elektriese energie die "materiaal" is wat ons in die stad gebruik om kos te kook op 'n elektriese stoof.

Baie mense gebruik die woord tegniek as hulle wil sê hoe of op watter wyse hulle iets gedoen kry. Die een vrou gebruik byvoorbeeld die hekeltegniek om 'n trui te brei terwyl 'n ander vrou die breitegniek gebruik.

In albei gevalle werk die vroue met hul hande en gebruik hulle eenvoudige, maar baie presies gemaakte werktuie of gereedskap, naamlik die brei- of hekelnaald.

Nou weet ons dat ander vroue 'n masjien by die huis het waarmee hulle trui in 'n kort tyd kan brei.

Die breimasjiene maak gebruik van elektriese krag om die groot aantal naalde in beweging te bring. Mens kan ook trui koop wat op nog groter masjiene in fabriek buite die land vervaardig is. In al die gevalle is die breitegniek gebruik maar 'n ander tegnologiese metode.

Die algemene waarde geld vandag dat as jy 'n ingewikkelde, duur masjien gebruik, jy modern en gevorderd is en dat wanneer jy met diere of jou eie hande werk, jy agterby en onder-ontwikkeld is.

Tegnologiese vooruitgang beteken dat baie meer werk in 'n baie korter tyd gedoen kan word omdat masjiene die werk doen.

Maar dit is nie so seker dat die toestand altyd gunstig is nie omdat meer mense sonder werk mag sit.

Nog 'n voorbeeld is die gebruik van trekkers teenoor 'n ploeg wat met donkies of osse getrek word.

Die petrol waarmee die trekker in beweging gehou word, word van verre lande ingevoer en die steenkool of olie waarvan dit kom word diep onder die aarde uitgegrawe. As hierdie bronne opgebruik is, is dit op.

Maar die donkie kry sy krag (energie) vanuit die gras wat hy eet. Gras groei weer.



Die donkie help selfs die gras om te groei deur sy mis as plantvoeding op die veld te laat val en met sy pote die oppervlak grond los te maak.

Energie bronne soos aardgas, diesel, olie, steenkool en petroleum waaraan ons so gewoon geraak het, is dus beperkte energie bronne.

Baie mense verkies dit dat ons "organiese" energie gebruik soos diere- en mensekrag, plantolies of hout, of energie wat van eindelose bronne kom soos sonstrale en die dryfkrag van wind en water.

Hierdie bronne van energie versprei ook nie giftige afvalgasse nie.

Natuurlik kan mense ook nie die "groeiende" bronne uitput sonder om dit weer aan te vul nie. So moet ons sorg dat bome weer aangeplant word en gras op die regte manier afgewei word sodat dit weer kan groei.

WOULD YOU LIKE A SISTER FOR A YEAR?

Issues Posted to you

- LOCAL/NAMIBIA R 10
- SOUTH AFRICA R 20
- OVERSEAS (AIRMAIL) AND DONOR SUBSCRIPTIONS..R 60
- ORGANISATIONS..... R 45
- ELSEWHERE IN AFRICA...R 30

Send your orders to:

SISTER COLLECTIVE
PO Box 60100
Katutura Namibia 9000